# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

## AFRIKAANS PRIMÊRE/EERSTE TAAL

**HG**

**101-1/1**

**Eerste Vraestel**
**Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging**

AFRIKAANS PRIMERE/EERSTE TAAL HG: Vraestel 1

101 1 1 HG

13 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

- Al VIER afdelings is VERPLIGTEND.
- NOMMER jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN vooraf deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Nommer al die antwoorde vir hierdie afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen antwoorde.

Lees die onderstaande tekste aandagtig deur en beantwoord die vrae by elke teks.

### 66% KINDERS TE ONFIKS VIR SPORT

**'KLEM OP PRESTASIE LEI TOT FISIEKE AGTERUITGANG'**

1 Te veel, te gou en te vinnig – dis die probleem met Suid-Afrikaanse skolesport. Want ons kinders is nog nie behoorlik uit hul doeke nie, of hulle word gedwing om teen mekaar te spring, te hardloop, te swem en te speel.

2 Dr. JAP Nel, hoof van die Skool vir Kinderontwikkeling en Kinetika-wetenskappe in Kaapstad, sê hy maak dié stelling ná omvattende navorsing oor die fiksheid van 477 Suid-Afrikaanse kinders. Van hulle het 66,5% se fiksheid gewissel van gemiddeld tot swak. En dié onfiksheid, sê hy, is die regstreekse oorsaak van "die sorgwekkende" persentasie sportbeserings onder leerlinge.

3 "Ons kinders is eenvoudig te onfiks om aan sport deel te neem. Sportbeserings en fiksheid kan moeilik van mekaar geskei word, want onfiksheid is meestal die oorsaak van seerkry."

4 Nel se navorsing het voorts getoon dat 97% van deelnemers aan sport in 340 skole nie 'n voorbereidende en versterkende oefenprogram deurloop om hulle vir deelname voor te berei nie. Statistieke toon verder dat 73% van alle beserings aan die begin van 'n seisoen opgedoen word en net 27% laat in die seisoen.

5 "Vandag se leerlinge gaan liggaamlik agteruit weens 'n gebrek aan fisieke ontwikkeling. Hulle ondervind refleksprobleme weens swak ontwikkelde rompspiere en 'n lae spiertonus, en kan dus nie 'n korrekte sitposisie handhaaf nie. Dit veroorsaak dat sulke kinders in 'n sitposisie voortdurend beweeg. Om teen swaartekrag te veg, 'n korrekte leespostuur te handhaaf, te konsentreer en te lees, is byna onmoontlik. Dié kinders word verkeerdelik as hiperaktief met aandagafleibaarheid geklassifiseer."

6 Volgens Nel neem net sowat 10% van alle sogenaamde bevoorregte kinders aan mededingende sport deel – ondanks voldoende geriewe. "Daarteenoor het byna 95% van alle minder bevoorregte kinders nooit die kans om wel aan sport deel te neem nie. Dit lei tot fisieke ongeskiktheid, onaktiwiteit en bewegingsarmoede."

7 "Terselfdertyd het ek bevind kinders in moderne omgewings het verleer om te speel. 'n Klein persentasie neem aan sport deel. Hulle is fisiek swak en motories onbevoeg, en daar is 'n algemene gemaksugtigheid en passiwiteit, want die gemiddelde leerling bring minstens 27 uur per week voor die TV deur. Kinders ontwikkel op skoolvlak ook nie meer in totaliteit nie – dit is fisiek, motories, kognitief, psigologies en bioties."

8 Die moderne leefwyse kweek nie net onfikse kinders nie, maar dit veroorsaak ook 'n stadiger en laer mylpaalontwikkeling.

9 Boonop lei die gebrek aan oog-nek-stabiliteit tot ernstige leesprobleme, sê Nel. "Die gebrek aan fisieke ontwikkeling en die verdwyning van liggaamlike opvoeding kan as primêre rede vir leesprobleme beskou word."

10 Nel sê dis 'n verkeerde beskouing dat mededingende sport lei tot fisieke ontwikkeling – en dus fiksheid. "Sportdae is niks anders nie as wedywering tussen skole. Sulke toernooie is wedstryde met 'n skeidsregter en 'n puntebasis bepaal die uitslag. Ontwikkeling het 'n heeltemal ander betekenis. Dis 'n deurlopende proses wat voortdurend moet plaasvind. Dit beteken dat leerlinge eers blootgestel moet word aan basiese ontwikkelingsvaardighede waarvoor hulle motories-sensories geskik is."

11 Wat vir Nel die ergste is, is dat daar in Suid-Afrika reeds op junior primêre vlak hoofsaaklik op mededingende deelname gefokus word. "Van werklike fiksheids- en sportontwikkeling is daar geen sprake nie. Kinders moet vir deelname voorberei word, en dit gebeur nie. Weens die oordrewe klem op mededinging, oorvol programme van sportunies, die reputasie van die skool en te veel sportdeelname neem leerlinge te gou, te vinnig en te veel aan kompetisies deel. Alleen in 'n gefundeerde inoefeningsprogram kan gevorderde en saamgestelde vaardighede stelselmatig aangeleer word."

12 "Maar dan is afrigters boonop geneig om net aan fisieke fiksheid aandag te gee, pleks van ook aan visuele geskiktheid, koördinasie, balans, reaksietyd, lateraliteit, ratsheid en ruimtelike oriëntering. Dis net so belangrik soos fiksheid."

**(Uit: *Rapport*, 26 September 2004)**

1.1 Watter effek het dit op die leser dat die eerste paragraaf begin met die woorde **Te veel, te gou en te vinnig ...**? (1)

1.2 Wat bedoel die skrywer met die frase ... **nog nie behoorlik uit hul doeke nie ...** in die eerste paragraaf? (1)

1.3 Skryf EEN woord uit paragraaf 2 neer wat daarop dui dat die navorsing oor die fiksheid van kinders baie uitgebreid was. (1)

1.4 Gee die kerngedagte van paragraaf 3 in jou eie woorde. (1)

1.5 Skryf 'n feit uit paragraaf 4 neer waarmee jy dr. Nel se standpunt in paragraaf 3 bevestig of weerlê. (1)

1.6 Wat beteken die woorddeel **hiper-** in hiperaktief (par. 5)? (1)

1.7 Wat is **mededingende** sport (par. 6)? (1)

1.8 In paragraaf 6 word daar verwys na **sogenaamde** bevoorregte kinders. Volgens die HAT beteken sogenaamde: *so genoem* of *soos voorgegee word / kamtig*. Watter een van die twee betekenisse word in paragraaf 6 weerspieël? (1)

1.9 Lees paragraaf 6. Sê in jou eie woorde hoe dr. Nel daaroor voel dat die **sogenaamde bevoorregte kinders** nie aan sport deelneem nie. Motiveer jou antwoord. (2)

1.10 **kinders ... het verleer om te speel** (par. 7).

1.10.1 Wanneer **verleer** 'n mens om iets te doen? (1)

1.10.2 Wat is die rede wat aangevoer word vir die bewering dat kinders verleer het om te speel? (1)

1.11 In paragraaf 7 en 8 word daar onderskeidelik verwys na **moderne omgewings** en **moderne leefwyse**. Waarna, dink jy verwys dit? (2)

1.12 Wat beskou dr. Nel as DRIE gevolge van die moderne leefwyse volgens paragraaf 8 en 9? (3)

1.13 Watter afleiding maak jy uit die teks oor dr. Nel se houding teenoor mededingende sport? Motiveer jou antwoord deur te sê watter standpunt hy huldig rakende fisieke ontwikkeling en fiksheid. (2)

1.14 Paragraaf 11 het betrekking.

1.14.1 Skryf 'n frase neer wat daarop dui dat daar **te veel aandag** gegee word aan kompetisiesport op skoolvlak. (1)

1.14.2 Waarna verwys die **reputasie** van 'n skool? (1)

1.14.3 Wat is 'n **gefundeerde** inoefeningsprogram? (1)

1.15 Wat maak die inhoud van hierdie teks geloofwaardig? (1)

1.16 Wie is die teikengroep(e) lesers op wie hierdie teks gerig is? (1)
**(24)**

**BEELD**
www.beeld.com

**Dinsdag 22 Februarie 2005**

---

## DALENE MATTHEE

**1** In die begin van die 1980's, toe televisie nog half nuut in Suid-Afrika was, was daar kommer oor die toekoms van die Afrikaanse boek. Toe verskyn 'n roman wat Afrikaanse mense weer aan die lees gesit het – Dalene Matthee se *Kringe in 'n Bos*.

**2** Van *Kringe*, 'n lekkerleesroman met 'n storie wat tot oud en jonk gespreek het, is duisende eksemplare in Suid-Afrika verkoop en dit moes telkemale herdruk word.

**3** Vertalings van die boek het in talle lande oorsee verskyn. Dit was die begin van 'n gewildheid in die buiteland wat daartoe gelei het dat Matthee se werk uiteindelik in 14 tale vertaal is, waaronder Hebreeus, Spaans, Italiaans, Duits en Yslands.


**4** Soos voor die verskyning van haar ander twee "bosromans", *Fiela se kind* en *Moerbeibos*, was daar deur die jare altyd afwagting wanneer 'n nuwe Dalene Matthee-roman op pad was.

**5** By haar afsterwe Sondag het Afrikaans een van sy gewildste skrywers én 'n storieverteller van formaat verloor.

1.17 Waarom was daar gedurende die tagtigerjare kommer oor die Afrikaanse boek? (1)

1.18 Skryf 'n frase uit die teks neer wat daarop dui dat Dalene Matthee se boek *Kringe in 'n Bos* op wyd uiteenlopende teikengroepe gerig was. (1)

1.19 Waarom kan ons hierdie huldeblyk aan Dalene Matthee as ietwat eensydig beskou? (1)
**(3)**




(Uit: *Beeld*, 24 September 2003)

1.20 Hoe aktueel is die gebeure in die spotprent? Gee 'n motivering vir jou antwoord. (1)

1.21 Verduidelik die ironie in die woorde **Die misdaadsyfer is besig om te daal!** (1)

1.22 Die gebeure in die spotprent is baie ernstig van aard. Wat laat mens egter tóg glimlag? (1)

**(3)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

## AFDELING B
## PRÉCIS

### VRAAG 2

In die artikel, **Werksoeker staan só uit**, is daar wenke aan die voornemende werknemer om seker te maak dat hy/sy 'n goeie indruk tydens 'n werksonderhoud maak. Lees die teks deur en maak dan 'n précis van die wenke in 80 woorde.

**LET WEL**:

- Telegramstyl is onaanvaarbaar.
- Jou antwoord moet in EEN pargaraaf aangebied word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Dui die totale getal woorde onder jou stuk aan.

## WERKSOEKER STAAN SÓ UIT

Sweet tap teen jou voorkop af en jy skuifel ongemaklik rond. Jy wens dit is al verby. Daai werkonderhoud.

As jy pas gematrikuleer het, is 'n werk nou hoog op jou prioriteitslys.

Onderhoudvoerders ondersoek jou noukeurig vir redes hoekom hulle jou moet of nie moet aanstel nie. Hoe jy aantrek en watter indruk jy skep, kan deurslaggewend wees.

Mnr. Hannon Bothma, voorkomskonsultant van Hannon Haircare in Sandton wat al vir korporatiewe instellings soos M-Net en Vodacom slypskole oor kleredrag aangebied het, gee 'n paar tips oor hoe om daardie lasting impression te maak:

**Staan uit**

Die onderhoudvoerder sien waarskynlik talle aansoekers. Volgens Bothma sal helder kleure jou laat uitstaan. Blou, groen en pienk is kleure wat sukses uitstraal. 'n Vrolike serpie, bloes of das sal jou tot voordeel strek.

Hy waarsku teen rooi, wat aggressief voorkom, en all-in-black-klere, omdat dit die indruk wek dat jy probleme het.

**Doen dit reg**

Mans moet liefs 'n pak en 'n das aantrek, al gaan jy vir 'n onderhoud by 'n plek wat nie formele kleredrag vereis nie. 'n Formele broek en kraaghemp kan dien as plaasvervanger. Kouse moet dieselfde kleur as jou skoene of broek wees.

Meisies moet verkieslik broekpakke dra. Dit wys hulle kan beweeg en werk. Hulle moet ook hulle skouers bedek en onderklere wat uitsteek, is onvanpas.

**Hare, juwele, parfuum en grimering**

Jou hare mag nooit in jou gesig hang nie. Dit moet skoon wees en in 'n netjiese snit gesny wees.

Moenie grimering oordoen nie, maar dra ten minste 'n lipstiffie. Dit lyk professioneel.

Deodorant of anti-perspirant is al wat jy nodig het. As jy wel parfuum of cologne dra, maak seker dat dit nie oorweldigend is nie.

**Liggaamstaal en selfvertroue**

Vou jou hande op jou skoot om te voorkom dat jy vroetel.

Oogkontak is baie belangrik, maar moet nooit te lank vir die persoon kyk nie. Dit kan lyk of jy wil intimideer.

Vind vooraf uit wat die onderhoudvoerder se naam is sodat jy hom/haar op 'n gepaste wyse kan aanspreek.

Wees betyds.

**(Uit: Jip in *Beeld*, 7 Januarie 2005)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

- ALLE vrae moet beantwoord word.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- Laat reëls oop tussen jou antwoorde.

Beantwoord al die vrae wat op die onderstaande tekste gebaseer is.

**BEELD**

www.beeld.com

**Woensdag 27 Oktober 2004**

**BOME SE REGTE**

Mnr. Danie Olivier, lid van die prokureursorde van die noordelike provinsies, vra tong in die kies of bome ook regte gaan kry na 'n uitspraak van regter Annemarie Vos in die Randse hooggeregshof.

Vos het in 'n buretwis oor bome gevra of die tyd nie ryp is dat mense baie meer sensitief raak vir hul pligte teenoor bome in die lig van die plesier – skoonheid, skadu en suurstof – wat bome verskaf nie.

Sy slaan die spyker op die kop. Natuurlik kan 'n plant nooit werklik regte hê nie, maar mense het inderdaad verpligtings teenoor bome.

Bome word wêreldwyd links en regs afgekap "ter wille van vooruitgang". Bitter min sakelui – en selfs huiseienaars – dink twee keer voordat hulle bome afkap. Dit is tyd dat mense wakker skrik en besef dat die mens nie kan oorleef sonder bome se suurstof nie.

Almal het die grondwetlike reg op 'n gesonde omgewing. Mense moet vir daardie reg begin veg.

**(Redaksionele kommentaar uit: *Beeld*, 27 Oktober 2004)**

3.1 Gee die afkorting vir **Woensdag** bokant die opskrif **Bome se regte**. (1)

3.2 Mnr. Danie Olivier vra **tong in die kies** (reël 2) of bome ook regte gaan kry. Wat dink jy beteken dié uitdrukking? (1)

3.3 Gee 'n woord met dieselfde betekenis (sinoniem) as -**twis** in **buretwis** in reël 4. (1)

3.4 Volgens regter Annemarie Vos moet 'n mens 'n groter (**sensitief**) teenoor bome openbaar (reël 5). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.5 Die aandagstrepe in reël 5 – 6 kan ewe maklik met ander leestekens vervang word. Watter leestekens kan in die plek van die aandagstrepe gebruik word? (1)

3.6 Wat beteken die uitdrukking **(sy) slaan die spyker op die kop** (reël 7)? (1)

3.7 Die teks bevat saamgevoegde woorde soos **prokureursorde** (reël 1) en **huiseienaars** (reël 10). Voeg die volgende woorde tussen hakies ook saam: Regter Annemarie Vos het baie dinge rakende die wet geleer; sy is 'n (wet + leer). (1)

3.8 Gee 'n alternatiewe meervoudsvorm vir **verpligtings** in reël 8. (1)

3.9 Wat is die enkelvoudsvorm vir **sakelui** in reël 10? (1)

3.10 Vir (**oorleef**) het alle mense bome se suurstof nodig (reël 12). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

**(10)**

## OM KREEF NET BY JOU TE HÊ NOG GLAD NIE 'N MISDAAD

Die besit van kreef wat kleiner is as die voorgeskrewe lengte van 65 mm lank maak dit nog geen misdaad nie.

Die besitter moet die fisieke én geestelike bedoeling hê om die kreef onwettig te besit.

En vir dié doel moet die besitter darem 'n redelike kans kry om sy krewe te meet voordat hy hulle as te klein in die see teruggooi.

Dié belangrike beslissing vir Suid-Afrika se duisende kreefduikers is eenparig deur drie regters van die appèlhof gelewer. Regslui wys daarop dat die beslissing nou deurgetrek kan word na perlemoen en alle ander vangste waarvoor 'n minimum grootte wetlik voorgeskryf word. Mnr. Ian Cameron, 'n ervare kreefduiker wat 26 jaar al kreef uithaal, het die saak as 'n beginselsaak deur die landdroshof, die hooggeregshof en die appèlhof gevoer.

Hy is in die landdroshof van Durban aan die besit van vier krewe wat kleiner as 65 mm is, skuldig bevind en gevonnis tot 'n boete van R2 400 of 90 dae tronkstraf. Hy is 70 m van die water op die strand by Salt Rock Beach betrap.

Op appèl na die hooggeregshof is die skuldigbevinding gehandhaaf, maar die vonnis versag tot 'n boete van R600 of 30 dae tronkstraf, wat in geheel vir drie jaar opgeskort is.

Cameron was nie daarmee tevrede nie en is appèlhof toe, waar sowel sy skuldigbevinding as sy vonnis ter syde gestel is.

Die appèlregters het bevind dat Cameron se verduideliking dat hy die krewe wou meet op die plek waar hy betrap is moontlik waar is.

As die statutêre verbod letterlik uitgelê word, het dit die "absurde gevolg" dat iemand wat op die see met 'n kreef van kleiner as 65 mm is, aan 'n misdaad skuldig is.

"Die geestelike element van besit wat vereis word, is dat die besitter nie net beheer het van so 'n kreef nie, maar ook die bedoeling het om dit te hou en daaroor beheer uit te oefen," het die appèlregters bevind.

Hulle het verder bevind dat Cameron nie "geestelik" besit oor die krewe gehad het nie omdat sy verduideliking aanvaar is.

**(Uit: *Beeld*, 12 Mei 2005)**

3.11 Herskryf die opskrif sodat dit 'n volledige sin vorm. (2)

3.12 Van watter oorspronklike woord(e) is **voorgeskrewe** (reël 1) afgelei. (1)

3.13 In **... krewe te meet** (reël 6) word **meet** letterlik gebruik. Verduidelik die figuurlike betekenis van **meet** in die volgende sin: Die twee spanne gaan vandag met mekaar kragte meet. (1)

3.14 Wat beteken dit as 'n beslissing **eenparig** (reël 8) gelewer word? (1)

3.15 Watter betekenis word deur die agtervoegsel -**lik** in **wetlik** (reël 10) oorgedra? (1)

3.16 **grootte** (reël 10) en **grote** word dikwels met mekaar verwar. Maak sinne met **grootte** en **grote** sodat die betekenisverskil duidelik blyk. (2)

3.17 In reël 14 is **tot** in ... **gevonnis tot** ... 'n voorsetsel. Voltooi die volgende uitdrukkings deur die ontbrekende voorsetsels in te vul:

3.17.1 Hy is skuldig bevind ____ die onwettige besit van kreef. (1)

3.17.2 Dit help nie om ____ jou beterwete te stry nie; hulle gaan jou toesluit. (1)

3.18 Gebruik **vier** in reël 13 in 'n ander betekenis in 'n sin. (1)

3.19 Skryf die sin wat in reël 15 begin oor in die teenwoordige tyd. (Behou die lydende vorm.) (1)

3.20 Verduidelik die betekenis van **betrap** in reël 16. (1)

3.21 Sê in jou eie woorde wat volgens reël 17 met Cameron se skuldigbevinding gebeur het. (1)

3.22 **statutêre** (reël 24) is 'n afleiding gevorm van statuut. Vorm telkens die korrekte afleiding van die woorde tussen hakies:

3.22.1 Hulle het 'n (ambisie) projek aangepak. (1)

3.22.2 Baie lande het 'n (kultuur) ooreenkoms gesluit. (1)

3.23 Gee meervoudsvorme vir (3.23.1) **appèlhof** in reël 20 en (3.23.2) **verbod** in reël 24. (2)

3.24 Die appèlregters se (**bevind**) was dat Cameron se verduideliking moontlik waar is (reël 22). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

**(19)**

**b.o.**

## HY LYK SOOS DIE KOEI, HY BYT SOOS DIE LUIPERD

Groot konsternasie het op 'n plaas in die Sandveld geheers toe 'n "koei met kolle" 'n luiperd blyk te wees.

Volgens mev. Johanna Coffee van Redelinghuys is 'n vanghok op die plaas Grootdrift van mnr. Pietie van Zyl, sowat 15 km buite die dorp, geplaas nadat 'n steenbokkie die vorige week gevang is. Daar is vermoed dis 'n rooikat se werk.

Een van die plaaswerkers het Woensdag gaan kyk of ta al gevang is.

"Die man kom toe amper sonder sy broek daar aan soos hy hardloop, onbewus van die draad, sommer los bo-oor," het Coffee vertel.

"Asvaal geskrik, uitasem en stotterend het hy aan die plaasvoorman gesê 'daar sit 'n ding – hy lyk soos die jerseykoei, maar hy het sulke streperige kolle. Ek het nog nooit so iets gesien nie en julle kry my ook nie weer daar nie."

Volgens mnr. Charl du Plessis van Cape Nature se kantoor in Porterville is hulle na die plaas uitgeroep en is die luiperd as voorkomende maatreël verwyder.

Hy het gesê dit was 'n Kaapse bergluiperd wat veral hou in die omgewing van die Sederberge. Volgens hom is dit moeilik om te sê of die dier so ver gedwaal het weens die droogte.

Na verneem word, gaan die luiperd in een van die natuurreservate in die omgewing hervestig word.

**(Uit: *Beeld*, 13 Mei 2005)**

3.25 Gee 'n woord met dieselfde betekenis (sinoniem) as **konsternasie** in reël 1. (1)

3.26 Daar is **vermoed** dis 'n rooikat se werk (reël 5 – 6). Gee 'n woord met die teenoorgestelde betekenis (antoniem) as **vermoed.** (1)

3.27 Na wie of wat verwys **ta** in reël 7? (1)

3.28 Gee die verkleiningsvorm vir **ta**. (1)

3.29 **Asvaal** in reël 10 dui die intensiteit van vaal aan. Gee die intensiewe vorme van die volgende:

3.29.1 lelik (1)

3.29.2 rond (1)

3.30 Herskryf reël 14 – 16 in mnr. Charl du Plessis se direkte woorde. Begin met **Mnr. Charl du Plessis sê:** (3)

3.31 Herskryf **mnr. Pietie van Zyl** (reël 4) sonder 'n naam of 'n voorletter. (1)

3.32 Na wat (berug / berig) word, gaan die luiperd in een van die natuurreservate in die omgewing hervestig word. Kies die korrekte woord tussen hakies. (1)

**(11)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

## AFDELING D
### TAALVERSORGING

### VRAAG 4

- In hierdie afdeling moet jy taalfoute korrigeer.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- Voer opdragte uit presies soos die vraag aandui.

Verwys na die onderstaande teks om die vrae wat volg te kan beantwoord.

### OP DIE PLANKE IN PTA

1 Die Staatsteater in Pretoria is 'n cool plek … veral laataand. Die *shows* is lankal klaar en die plek is verlate. Die strate is vrekleeg en veraf sirenes weergalm deur die oerwoud van beton.

2 Die koue aandlug en 'n dowwe rooi lig is die enigste toeskouers by dié geveg met swaartekrag. Die *scene* is net reg vir 'n *fight* met moederaarde. Daar is 'n verskeidenheid trappe, reëlings en ander oppervlaktes wat jy kan aanvat. Vanaand hou jy en jou vriende 'n *show* van jul eie.

3 Jou arsenaal bestaan uit 'n dun kanadese-*maple*hout plankie, vier wiele en baie moed. Jy weet jy tree as verloorder in die stryd maar jy hoop jy kan ten minste 'n ronde of twee wen. Jou ore is geradar vir polisie-sirenes. *Skateboarding* in 'n openbare plek is mos onwettig in Suid-Afrika, maar jy laat nie toe dat so 'n onbenulligheid jou geveg met Moederaarde onderbreek nie.

4 'n Enkele boemmelaar kom kyk hoe jy en jou vriende oor die gladde oppervlakte gly. Sy glaserige oë getuig van sy onvermoë om dié tegniese sport te verstaan. *Skateboarding* is bekend vir die hegte vriendskappe wat daardeur word gevorm. Die sosiale kant is 'n sterk trekpleister. Vriende help jou om jouself te oor tref. In *skateboarding* is die groot uitdaging om elke keer 'n beter *trick* te kan doen. Jy wil altyd hoog gaan altyd verder.

5 Gelukkig is daar niks wat jou terughou nie. Die fryheid wat *skateboarding* jou bied, is genoeg rede om dié leefstyl aan te gryp. Dit beteken ongelukkig nie dat jy vry is met beserings nie. Daar sal altyd soos in die meeste sportsoorte beserings wees. Wanneer swaartekrag die oorhand kry, is die harde sementvloer jou voorland. Jy weet ook dat jy gaan val, jy weet net nie wanneer nie. In *skateboarding* moet jy jouself druk om beter te wees as die vorige keer. As dit beteken dat jy gaan val, kan jy darem sê dat dit nie verniet was nie. Jy het iets uit dit geleer.

6 Jy tel jou *skateboard* op en bekyk al die *battle scars*. Dit lyk nie meer so goed nie. Jy het skaars twee weke gelede R800 daarvoor betaal.

7 Jou ore spits vir die sirenes wat nou baie naby is. Tyd om te laat wiel. Jy en jou vriende bly bymekaar. Julle is saam in die *fight*. Die polisie is kort op jul tone. Julle probeer met hulle onderhandel, maar staan nie vir een oomblik stil nie. Gelukkig is julle vinniger as hulle.

8 Hul stemme word al hoe meer dof. Jou asem is weer terug. Dis nie lank en die strate om die Staatsteater is weer stil, die boemmelaar is weer alleen en die dowwe rooi lig doof uit.

**(Uit: *Die Wêreld*, Sondag 10 April 2005)**

4.1 Die teks bevat 'n hele aantal Engelse woorde. Gee Afrikaanse weergawes vir:

4.1.1 shows (par. 1)

4.1.2 skateboarding (par. 3)

4.1.3 trick (par. 4) (3)

4.2 **vrekleeg** in par. 1 is nie die korrekte weergawe om die intensiteit van leeg aan te dui nie. Skryf die korrekte intensiewe vorm neer. (1)

4.3 In paragraaf 2 is 'n woord gebruik wat klink soos die woord wat daar moes wees, maar dit is nie die regte woord nie. Vervang die woord met die korrekte weergawe. (1)

4.4 'n Komma ontbreek in paragraaf 4. Dui die komma aan op die presiese plek waar dit ontbreek. (1)

4.5 In paragraaf 3 is daar sowel 'n hoofletter- as 'n kleinletterfout begaan. Skryf die woorde korrek neer. (2)

4.6 In paragraaf 4 is 'n fout begaan met 'n woord wat normaalweg as een woord geskryf word. Skryf die woord korrek neer. (1)

4.7 In paragraaf 4 is die verkeerde vorm van 'n vergelykende trap gebruik. Skryf die korrekte vorm neer. (1)

4.8 Verbeter die foutiewe woordorde in paragraaf 4. (1)

4.9 Dui die parentese in paragraaf 5 aan deur die korrekte leestekens in te voeg. (1)

4.10 **uit dit** in paragraaf 5 is nie goeie, korrekte Afrikaans nie. Skryf die korrekte woord neer. (1)

4.11 Die derde sin in paragraaf 5 bevat 'n foutiewe voorsetsel. Skryf die **verkeerde** voorsetsel en daarnaas die **korrekte** een neer. (1)

4.12 Die uitdrukking **kort op jul tone** in paragraaf 7 is nie korrek nie. Skryf dit korrek neer. (1)

4.13 **meer dof** in paragraaf 8 is nie korrek nie. Wat moet dit wees? (1)

4.14 Korrigeer die ontkenningsfout in paragraaf 8. (1)

4.15 Benewens al die foute wat jy reeds in die teks gekorrigeer het, is daar nog DRIE spelfoute in paragraaf 4 en 5. Identifiseer die drie woorde en skryf hulle korrek neer. (3)
**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [20]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**